DEEL 116 | WEEK 35 | 30 AUGUSTUS 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Dagsê Lente



Alhoewel die lenteseisoen om die draai is, het Augustusmaand reeds ons harte verower met 'n heerlike voorskou van die nuwe seisoen wat voorlê. Met maksimum temperature wat gewissel het tussen 23°C en 27°C, en minimum temperature wat tussen 1°C en 8°C gedraai het, het die maand almal 'n aangename voorsmakie van warmer dae gebied en 'n paar bibberkoue oggende om ons daaraan te herinner dat die winterseisoen nog nie eintlik heeltemal verby is nie.

Die natuur het ons ook nie teleurgestel nie. Hoewel die oorvloedige bloeisels nog nie hul verskyning gemaak het nie, het die pienk en wit bloeisels wat hier en daar die bome begin versier het, ons hoopvol gemaak vir die pragtige seisoen wat voorlê. Soos dit Augustus betaam, is daar dalk nog 'n paar koue dae in die vooruitsig voordat die maand tot 'n einde kom.

In Suid-Afrika word die koms van die lente jaarliks op 1 September gevier omdat ons September, Oktober en November as ons lentemaande beskou. Met die afskop van die lente-seisoen, kan inwoners wel hul tuinvurkies en blomme nader begin trek, want vanaf Maandag lê daar 'n warm week voor met minimum temperature wat tussen 9°C en 12°C sal wissel, en maksimum temperature wat tussen 25°C en 28°C gaan klim. Weervoorspellings dui dat die eerste week van September net sonskyn bring.

Dit is die ideale tyd om jou winterklere weg te pak, jou somersdrag uit te haal, en die heerlike lente ten volle te geniet. Maak gereed om die nuwe seisoen met ope arms te verwelkom – skud daardie laaste koue rillings af want lente is amper hier!






# Suspect in Heilbron Magistrate murder extradited and set to face multiple charges



The South African Police Service (SAPS) has made a significant breakthrough in a high-profile case involving the murder of Heilbron Magistrate Mamello Thamae. The suspect, Lehlonoholo Maketoane, has been successfully extradited from Lesotho and is now in custody in South Africa. This marks a crucial step in the pursuit of justice for the tragic events that unfolded nearly a year ago. Maketoane, fled to Lesotho following the alleged murder of his wife, Mamello Thamae, on September 22, 2023. Thamae, who was also 40, was a respected figure in the community, serving as a magistrate in Heilbron. Her untimely death sent shockwaves through the town, sparking an intense investigation by SAPS. In collaboration with the Lesotho Mounted Police Service (LMPS) and the International Criminal Police Organisation (Interpol), Maketoane was apprehended in Lesotho on the same day as the murder. Maketoane appeared in the Mokhotlong Magistrate's Court in Lesotho on September 26, 2023, where he was formally charged with murder. Following this, SAPS initiated extradition procedures, adhering to all legal protocols and working closely with Lesotho authorities. The victim's body was also repatriated to South Africa for a post-mortem examination and burial, ensuring that all aspects of the case were handled with the utmost respect and diligence. The successful extradition of Maketoane is a testament to the effective cooperation between South African and Lesotho law enforcement agencies. His return to South Africa signifies a major milestone in the ongoing investigation, and it highlights the determination of the SAPS to bring perpetrators of violent crimes to justice, regardless of where they flee.

Maketoane appeared in the Heilbron Magistrate's Court on Friday, August 23, 2024. He faces multiple charges, including murder, kidnapping, obstruction of justice, and violations of both the National Health Act and the Immigration Act.

**The charges against him are severe:**

1. Murder: Under Article 51 (1) and Part 1 of Schedule 2 of the Criminal Law Amendment Act, Act 105 of 1977, Maketoane is accused of unlawfully and intentionally murdering Mamello Thamae.
2. Kidnapping: He is also charged with kidnapping, for allegedly depriving Mamello of her freedom by placing her in the trunk of a car and driving her across the border to Lesotho.
3. Obstruction of Justice: Maketoane is further accused of attempting to conceal the body, hindering the legal process by transporting it in the trunk of a car to Lesotho.
4. Violations of the National Health Act: Two additional charges involve the improper handling of human remains, as Maketoane is alleged to have transported his wife's body across the border without the necessary permits and without placing the body in an approved coffin or container.
5. Violation of the Immigration Act: The final charge pertains to his illegal departure from South Africa without the requisite documentation, a breach of the Immigration Act, Act 13 of 2002.

During his court appearance, Maketoane requested a postponement to secure legal representation. The court granted his request, and the case has been adjourned until September 4, 2024, for further investigation.

The tragic incident has left the Heilbron community reeling. The murder of a beloved magistrate has deeply affected residents, and the ongoing legal proceedings are being closely followed. The community is now waiting anxiously for justice to be served as the case unfolds.

The SAPS remains committed to ensuring that those responsible for violent crimes are held accountable, reinforcing the message that justice will prevail, no matter the obstacles.

# Ngwathe se geldnood: Tesourie gee raad

Die Nasionale Tesourie gee nou weer raad aan Ngwathe oor sy knaende geldnood. Of dit hierdie keer gaan help is 'n ander vraag. Vorige bystand jare gelede was vrugteloos, sê verskeie opposisieraadslede. Die Raad se staande komitee oor finansies is verlede week ingelig die Tesourie gebruik tans onder meer privaat-konsultante tydens 'n nuwe rondte van sy finansiële bystandsprogram vir munisipaliteite (die Municipal Finance Improvement Program, oftewel MFIP) Die MFIP gaan poog "... om finansiële bestuursvermoë, sterker begrotingsbeheer, en finansiële kontrole te verseker" deur direkte tegniese steun aan munisipaliteite te voorsien.

Ngwathe is nou hierby ingeskakel. 'n Kenner vanaf Nelspruit, Me Maria Tshabangu, is reeds as adviseur aan Ngwathe toegesê. Sy gaan ook die naburige Moqhaka plaaslike munisipaliteit (hoofdorp Kroonstad) bystaan.

Me Tshabangu het op 1 Mei haar pligte opgeneem, en werk vanaf Parys. "Vreemd genoeg hoor ons nou eers daarvan," sê Rdl Arnold Schoonwinkel, die DA-segsman oor Ngwathe se munisipale finansies. Op sy voorstel, gesteun deur Rdl Phillip van der Merwe (VF-Plus), sal vordering van die MFIP aan elke raadsvergadering berig word. "Dit sal ons help verseker hierdie program werp vrugte af, anders as die vorige MFIP-poging enkele jare gelede-dit het niks bereik nie," sê Schoonwinkel.

Hy kla reeds lank die munisipaliteit is vasgevang "in 'n enorme finansiële krisis" wat dringend en met verbeelding getakel moet word. Ter stawing noem hy dat Ngwathe Eskom steeds meer as R2 miljard in agterstallige kragaankope skuld. Ook ander skuld, soos die rekenings vir grootmaatwater, is tot so lank as 15 maande agterstallig. "Dis heeltemaal onwettig, want munisipaliteite moét hul rekenings binne dertig dae vereffen." Hy sê die skuld hoop op omdat Ngwathe sukkel om selfs net die helfte van sy maandelikse diensteheffings vanaf inwoners in te samel. In goedbestuurde munisipaliteite, daarenteen, soos die Kaapstadse Metro, oortref die gemiddelde koers van invordering 95%.

Schoonwinkel sê DA-raadslede het daarom nou opnuut aangedring op vernuwings in en versnelde toepassing van Ngwathe se Finansiële Herstelplan. Hulle is daarin gesteun deur die VF-Plus, en die voorstel is verlede week eenparig aanvaar. "Dit, tesame met die nuwe idees en stappe wat die MFIP-program hopelik sal bring, mag dalk Ngwathe se geldkrisis begin beredder."

Ook Rdl Van der Merwe vra meer geesdrif en slaankrag vir die Finansiële Herstelplan. Hy is bly inkomsteverhaling word nou verbeter deur onder andere onwettige elektriese aansluitings en gebrugde meters op te spoor, te ontkoppel, en boetes te hef. "Dit kan verder verskerp word," sê hy. Ook moet onnodige uitgawes (soos op konsultante en huur van voertuie) beperk en kostes besnoei word. Fondse vanaf die sentrale regering moet betyds en oordeelkundig aangewend word, anders as in die onlangse verlede. Hy glo die nuwe munisipale bestuurder, Dr Mothamaha, beskik oor die wil en die vermoë om momentum hieraan te gee.

# UIT DIE PEN: Week 35



Ek gesels die ander dag met 'n groot figuur. Ek meen nou 'n gesiene persoon nie letterlik groot nie. Gewild en geken in die dorp waar hy amper al sy hele lewe lank bly. Hy was 'n wilde man op sy dag. Konstruksiewerker. Nie dat daar iets fout is met 'n konstruksiewerker nie.
Hy was baie weg van die huis. Baie besig as hy baie weg was van die huis.
Met sekere persone wat vir hom gewag het terwyl by weg was van die huis.
Julle kry die prentjie. Ek gaan nie verder verduidelik nie.
Hy sien my met die krukke onder my arm. Wat het gebeur, vra hy? Ek vertel my standaardstorie dat ek gaan valskermspring het en toe gaan die instrukteur se valskerm nie oop nie.
"O," sê die groot figuur. "Ek het al gehoor dat dit gereeld gebeur."
Nee, lag ek, dis sommer 'n grap omdat my regte beenbreekstorie regtig vervelig is.
"Ja," sê hy, "Ek het al 12 spronge gedoen. Glad nie meer 'n uitdaging nie." Baie meer as my een poginkie. Ja, ou, het jy agtergekom dat my storie 'n grap was, wonder ek?
Ek het nie gaan valskermspring nie, ek het bloot my fibula gebreek toe ek op sypaadjie herfsblare wou wegblaas.
"O," sê hy. "Presies dieselfde ding het met my broer gebeur."
Nê? Ja. Hy het ook sy femur gebreek en die ding wil nie aangroei nie, en nou wil die dokters sy voet afsit want die ou femurtjie hang nou net hier in sy onderbeen en eintlik moet die dokters die femurtjie heg, maar nou is dit te laat.
Ek het probeer om nie 'n oog te knip nie. Want ek wou dadelik met my biologieles begin. Oor die skelet.
Die heupbeen bestaan uit drie bene: ileum, iskium en pubis. Van daar af op pad tone toe is die eerste been wat jy raakloop, die femur. Die been in die bobeen. Die sterkste been in jou liggaam. Blykbaar breek die been onder 'n 3-punt krag van 2 ton.
Van daar af ondertoe is die patella wat die knieskyf is. Aan die voorkant van die been onderkant die knie is dit tibia en die dunner beentjie wat vanaf die knie tot by die enkel gaan, is die fibula.
Volgens die gesiene persoon is die ou onderbeentjie die femur. Maar wragtag, as dit die femur is, is daardie mens heeltemal double jointed want jy sal dit weliswaar agterkom as jou femur nou ewe skielik by jou onderbeen hang. Want dis nie sy plek nie.
Ek help hom nie reg oor die name van die bene nie want ek het 'n vermoede dat hulle nie my akademiese lesing sou verstaan nie. Dit het my nogal laat dink aan lank gelede toe ek iemand geken het wat van alles alles geweet het. En alles was erger. Wanneer ek sê dat ek hoofpyn het, sou die dame sê dat sy 'n breingewas het. En dan verloor ek sommer my draad en my humeur en dan hou ek op praat, want die mens stel nie regtig belang in ons gesprek nie.
Iemand wie ek ken (kom ons noem hom Piet) het 'n harttoestand. 'n Ander persoon, Klaas, het ook 'n harttoestand, maar wat nie naastenby dieselfde as Piet se toestand nie. Ek verduidelik die interessante behandeling wat die kardioloog volg om Piet te behandel.
"Vyf," sê Klaas. "Vyf."
Vyf wat? Vra ek.
"Vyf, ek het vyf stents in my hart en dis glad nie so erg nie."
Ek verstaan daai, maar Piet het geen probleme met sy hart se are nie. Dis die hartspier. Dit pla Klaas glad nie, want hy praat weer oor sy vyf stents. En hy kon dadelik opstaan en begin werk. Ja, maar Piet het toe 'n interessante behandeling ondergaan. Klaas sê hy moes net vyf stents gekry het. En daarna is ons gesprek ook verby.
Ek wonder vandag wanneer laas jy opregte belangstelling getoon het in 'n gesprek? Ek bieg graag: sommige kere het ek net nie tyd om 'n gesprek aan te knoop nie. Op daardie stadium kom daar dan gewoonlik 'n kollega in my kantoor, en wil, uit liefde, hoor hoe dit met my gaan. Ek voel dan hoe my kopvel begin kriewel en hoe my vingers sommer vanself na die rekenaar se sleutelbord toe neig, net sodat ek die e-pos kan beantwoord. Wanneer die persoon dan klaar gepraat het en my kantoor verlaat, voel ek baie sleg, want ek het nie aandag aan ons gesprek gegee nie.
Sê nou hy het 'n probleem gehad en was op soek na iemand om net te luister? Dalk moes ek beter geluister het. Dalk kon ek hom help. Ek weet ook nie of mens die hele tyd daaroor moet tob nie. Dalk sal die Here, wat hierdie mense op jou pad plaas dit in jou hart sit om meer aandag aan hulle te gee, ek weet nie.
NS: Ek loop nog sonder my krukke.
Paul, die fisioterapeut, geniet steeds elke martelsessie. Seker nie regtig nie, maar dit voel so. Dinsdag moes ek weer op die trampolien stap. "Met lekker hoë knieë."
Ek weet nie wat lekker is daaraan nie en ek weet nie hoekom my knieë moet hoog wees nie. Ek voel soos 'n Lipizzaner op galop.
Ek kan ook rapporteer dat ek my voet kan punt, amper soos iemand wat in Swan Lake moet point. Maar die fleks is nog 'n probleem. Moet dit asseblief net nie vir Paul sê nie, want hy het 'n onuitputbare bron van oefening wat seer maak wat hy kan inkorporeer.
Julle sal dit nou nie glo nie, maar ek waardeer eintlik vir Paul. En ek luister met opregte belangstelling na hom tydens ons geprekke. Want ek is bloot te vrek bang dat ek meer oefeninge moet doen as wat nodig is.
Maar dit gaan ek nooit vir hom sê nie.

# Waardevolle kennis deurgegee aan boere

Die JCB Boeredag het Donderdag om 14:00 afgeskop en was 'n reuse sukses, met die parkeerarea wat vinnig vol geraak het. By die aankoms is elke boer hartlik verwelkom met JCB-hemde en -pette, wat 'n welkome bederf was vir almal wat teenwoordig was. Die dag se verrigtinge het begin met 'n toespraak deur Johann Claasen van Highfert, wat die boere ingelig het oor kunsmis en die beskikbaarheid daarvan. Hy het kritieke vrae beantwoord, veral oor die verwagte prysrigting van kunsmis, wat vir baie boere van groot belang is. Na Claasen het Johan van MBFI die verhoog betree om die boere in te lig oor die belangrikheid van entstof op sojabone. Hy het verduidelik wat die nuwe toevoegings tot die entstofpakkette behels en hoe dit die gesondheid van gewasse kan verbeter. Jaco Botha van UPL het daarna die boere verder ingelig oor swamsiektes wat gewasse bedreig. Hy het waardevolle inligting gedeel oor hoe om hierdie siektes te identifiseer en te beheer. Theunis Meiring van Syngenta het ook 'n belangrike bydrae gelewer deur 'n goeie sonneblomprogram voor te stel. Hy het beklemtoon hoe hierdie program boere kan help om hul sonneblomlande skoon en gesond te hou, veral met die toenemende belangstelling van sonneblom in die area. Die laaste spreker van die dag, Thomas Strydom, het die fokus verskuif na grondgesondheid. Hy het gepraat oor die belangrikheid van die grond se pH-vlakke, bewerkingsdiepte, en die noodsaaklikheid van kalktoediening om die grond se vrugbaarheid te optimaliseer. Nadat die formele verrigtinge afgehandel is, het die boere heerlik saamgesels en die geleentheid gehad om hul kennis en ervarings te deel. Die dag is afgesluit met 'n smaaklike skaaprol, voorberei deur Johan van Rooy, wat vir almal 'n heerlike maaltyd was. Die JCB Boeredag was 'n onmiskenbare sukses en het boere waardevolle kennis gegee om hul landerye te verbeter en te versterk.




*Op die foto bo: Agter vl: Gerrit Oosthuizen, Hancko Minnaar, Jeandré Jelliman, Johan Greyling, Theunis Meiring, Andre Roos, Johnny Claassen, Thomas Strydom en Johann Claasen. Voor vl: Jaco Botha, Duard Bruwer, Dean Bubb, Eben Claassen.*







TELWIEDRE VOERE

Bothastraat 6 • Heilbron • 9650
058 852 2742 • www.telwiedre.co.za
Mpy Reg Nr. 1997/012140/07
BTW Nr. 4890171970

**HUMAN RESOURCES ASSISTANT**

Within Telwiedré Feeds there is a vacancy for the above-mentioned challenging position.
**Successful candidates must have the following characteristics: -**
• Good interpersonal skills • Reliable and loyal • Capable to work under pressure
• Must be able to think fast and quick to make good decisions • Responsible and punctual
• Conscientious and diligent • Meticulous and accurate • Neat, professional and friendly
• Must be able to take guidance • Thoroughly, accurately and efficiently
• Effective arrangement skills • Able to "think on feet" at all times • Maintain confidentiality

**RESPONSIBILITIES: -**
• Maintain and update personnel files according to ISO 9001 International Standards
• Administration of the payroll process
• Administration of staff during appointments, probation period, performance evaluations and termination of service.
• Reporting on human resource information, handle disciplinary actions, investigations, hearings, etc.
• Ensure the appropriate management of all employee relations issues including grievances and poor performance.
• Draft and review Job Descriptions
• Creating and updating organograms
• Compiling data for Risk Committee meetings/Management Review meetings according to ISO 9001 International Standards
• Draft new KPIs and review exiting ones.
• Assist Employment Equity meetings
• Ensuring all HR functions adhere to ISO 9001International Standards
• Creating and updating HR policies and procedures [SOP's]
• Conduct regular training sessions with managers to explain updated or new company policies and procedures
• Stay abreast of all Labor Legislations and ensure all regulations and legislations are adhered to
• Register WCA's on CompEasy' and ensure acceptance of liability.
• Additional duties may be assigned [E.g. Internal Auditing]

**REQUIREMENTS & QUALIFICATIONS: -**
• Gr. 12 • Computer literate (Microsoft) • Bilingual = Afrikaans & English
• Experience with personnel administration and payroll/timekeeping software

**CLOSING DATE:** Wednesday, 11 September 2024.

E-mail your written resume/application to admin@telwiedre.co.za

PRYS • DIENS • KWALITEIT





LOSGOED Rietspruit Bemarking VEILING

Saterdag, 31 Augustus 2024 om 11:00 te plaas Broedersrust
(14km vanaf Heilbron op Sasol/ Heilbron pad R57)

AANGEBIED NAMENS WILMA VAN RENSBURG

**GEREEDSKAP:**
Kettingsaag
Swaailem snyers (1.2m & 1.4m)
Pomp Spuit
Spoorwegtrollie
Grinders, Bore
Werkstafels
Bankskroef
Kompressor
Wa met tralies
Plaas wa
1 Ton tapkar
Rippers
Plaashek
Drukboor
2 x Isuzu bakkies

**HUISRAAD:**
8 x Geweerkluis
Hangkaste
Dubbelbeddens
Spieëlkaste
Stoele
Bal & Klou Stoele, Sitkamerstel
Tafels, Rakke, Lessenaar
Sitkamerstelle
Vrieskaste, Yskaste
Vertoonkas
Kombuiskaste
Stoof
Kroeg stoele
Skildery

**VLEISKAMER:**
Vrieskaste
Rakke, Tafels, Kaste
Biltongkaste
Skaal
Vleissaag
Worsstopper
Vleismeule

**ANDER:**
Visstokke
Braaiers
Tuinmeubels

NOG VELE MEER!

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
Bennie Steenkamp (Afslaer) 082 328 4998
Wolter Bennink 084 407 9394

TERME: Streng kontant of EFT op dag van veiling. Geen items word verwyder voor betaling. Geen kaart fasiliteite beskikbaar nie! 10% Koperskommissie betaalbaar op alle aankope.



ULECTRIC SOLAR AND ELECTRICAL

- COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
- WIRING & RE-WIRING
- OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
- INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

- ELECTICAL REPAIRS
- FAULT FINDING
- EQUIPTMENT REPAIR
- SOLAR BOREHOLE PUMPS
- BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# Deel van die wêreld se akademiese top 15%

Op 27 Augustus 2024 het Jané Jansen van Rensburg, oud-leerling van Hoërskool Heilbron en student aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom, 'n besonderse mylpaal bereik deur amptelik ingehuldig te word as lid van die Golden Key International Honour Society. Hierdie eer is voorbehou vir die top 15% van studente wêreldwyd in hulle spesifieke studierigtings, wat 'n merkwaardige prestasie verteenwoordig. Golden Key is die grootste kollegiale eervereniging ter wêreld en vereis lidmaatskap slegs op uitnodiging. Lede word gekies op grond van hulle akademiese prestasie, leierskap, en diens aan die gemeenskap. Die vereniging is verteenwoordig in lande soos Australië, Kanada, Indië, Maleisië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, die Bahamas, en die Verenigde State. Jané studeer Grondslagfase Onderwys en Sielkunde aan NWU, Potchefstroom, en haar prestasie is 'n bewys van haar harde werk en toewyding. Die inhuldigingseremonie het plaasgevind by Snowflake in Potchefstroom, 'n gepaste plek om so 'n uitsonderlike prestasie te vier. In haar dankwoord het Jané gesê: "Ek wil graag my ouers bedank vir hulle aandeel in my sukses. Hulle ondersteuning en onvoorwaardelike liefde laat my glo dat niks onmoontlik is nie. Ek dra hierdie toekenning op aan my boetie, Juan." Jané se prestasie is 'n bron van trots vir haar familie en die NWU-gemeenskap, en dien as inspirasie vir ander studente om hul akademiese drome na te jaag.



## Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

*Engo Vrystaat vier jaar vol genade en seën*

Engo Vrystaat het op 23 Augustus hulle Algemene Jaarvergadering by Summerwood in Bloemfontein gehou, 'n oggend van refleksie, viering en inspirasie. Die fokus was nie net op uitkomste nie – dit was 'n viering van unieke bydraes, harde werk, toewyding en onuitputlike empatie van elkeen wat die afgelope jaar by Engo betrokke was. Klein dade van vriendelikheid, ure van geduldige ondersteuning en die visie om hoop te bring.

Tydens die geleentheid is die suksesse en stories van die afgelope jaar gedeel. Igno van Niekerk was die Spreker, met die tema "Geraas van Visse". In hierdie stukkende wêreld wil ons heel maak, en iets doen om mense se lewens beter te maak. Al is dit moeilik, maak ons 'n verskil. Deur die resonansie van gesamentlike pogings word die boodskap van hoop elke dag gebring. Igno se boodskap het gefokus op die vier kategorieë van die lewe, naamlik, om lief te hê, te leef, te leer en om iets na te laat - 'n "Legacy". Teambo het kleur en klank gegee aan die geleentheid en die oggend is op 'n ritmiese noot afgesluit.

**Hier volg 'n opsomming van interessante feite wat die oggend gedeel is:**

**Engo is:**

- 'n nie-winsgewende en nie-regeringswelsynsorganisasie wat in die Vrystaat werksaam is,
- die grootste liefdadigheidsorganisasie van sy soort in die Vrystaat en die tweede grootste in Suid-Afrika,
- doen ongelooflike werk in gemeenskappe oor alle rasse, kulture en ouderdomme heen,
- bereik jaarliks meer as 200 000 mense en
- bestaan uit 7 verskillende subprogramme

**Die 7 subprogramme is:**

- **Kinder- en Jeugsorg:** 886 kinders word in 33 Kinder- en Jeugsorgsentrums versorg. Basiese behoeftes soos kos en klere word aan 'n bykomende 21 872 kinders in gemeenskappe in die Vrystaat voorsien. Dit kos Engo 'n gemiddeld van R8 202 per kind vir volle versorging per maand.
- **Gesinsorg:** 67 193 volwassenes en kinders word jaarliks bygestaan deur 10 Engo Gesinsorg kantore regoor die Vrystaat, waar 29 maatskaplike werkers in diens is. Daar is die afgelope jaar 267 kinders uit slegte omstandighede verwyder.
- **Bejaardesorg:** 20 Bejaardesorgsentrums waar 2 894 bejaardes versorg word deur 742 personeel. Daar is tans 4 persone ouer as 100 wat in Engo se Bejaardesorgsentrums versorg word. Bejaardesorgsentrums bestaan uit een- en tweeslaapkamerwoonstelle, verswaktesorg eenhede en twee demensie-eenhede,
- **Gestremdsorg**: Een Gestremde Dagsorgsentrum in Bethlehem waar ongeveer 12 Gestremde volwassenes versorg word.
- **Aannemingsdienste:** Hanteer aannemings en herkomsnavrae wanneer kinders of ouers hul biologiese familie wil opspoor. Altesaam 30 aannemings en 39 herkomsnavrae is afgehandel.
- **Hospitaalsorg:** Ondersteun 22 050 mense digitaal en fisies in hospitale.
- **Personeelwelstand:** 'n Program waar Engo welstandsprogramme vir 1 064 personeellede in diens van Engo in die Vrystaat aanbied.

Engo staan afhanklik van God en dankbaar vir al die seën en genade wat ons die afgelope jaar ontvang het. Alle eer aan God!

Vir meer inligting, kontak Engo by info@engo.co.za / 060 548 5543.



*Coenie Taljaard (Direkteur Finansiële Dienste - Engo Vrystaat), Ds Jannie Smith (Voorsitter van Engo Vrystaat Beheerraad / President), Christa Maree (Residensiële Kinder- en Jeugsorgsentrums en Aannemings - Engo Vrystaat), De Wet Claassens (Hoof Uitvoerende Direkteur: Engo Vrystaat), Rika Wolmarans (Direkteur: Bejaardesorg en Hospitaalsorg – Engo Vrystaat, Dr Madelein Nortje (Direkteur: Gesinsorg, Gestremdesorg en Welstand Engo Vrystaat), Igno van Niekerk (Gas spreker).*

## Embracing Diversity: COLORBLIND

*Colourblindness as a Bridge to Understanding*

In an increasingly interconnected world, the concept of Colourblindness has emerged as a beacon of hope for fostering understanding across diverse cultures and backgrounds. It transcends mere tolerance, aiming instead to cultivate genuine empathy and cooperation in workplaces and communities alike.

"At its core, Colourblindness is about recognizing our shared humanity before anything else," explains Lebogang Mokhothu, the visionary behind the initiative. "It's not about politics; it's about people."

The essence of Colourblindness lies in its slogan: "Understanding Each Other in Diversity." It champions the idea that regardless of our cultural or ethnic differences, we are all fundamentally human. This mindset encourages individuals to look beyond surface-level distinctions and embrace the richness that diversity brings.

Imagine a scenario where an Afrikaans-speaking individual encounters someone fluent in Xhosa. Instead of feeling daunted by the language barrier, Colourblindness prompts us to seek common ground, bridging communication gaps through mutual respect and a willingness to learn.

To further these ideals, a significant event is scheduled at the Heilbron Golf Club on August 31st. This gathering will attract representatives from prominent businesses such as ABSA, VKB, and Surrex Insurance Company, among others. The event aims to showcase practical steps towards enhancing cultural understanding and collaboration in the workplace.

"We want everyone to feel welcome and valued," says Mokhothu. "This event is a platform for dialogue, learning, and celebrating our shared humanity."

Participants can expect insightful discussions, cultural showcases, and interactive sessions designed to promote empathy and skill-building in intercultural communication. By fostering an environment where diversity is celebrated rather than merely acknowledged, Colourblindness advocates hope to inspire lasting change in how we relate to one another.

As we prepare to embrace this transformative event, let us remember Mokhothu's words: "I am human first, and then my colour follows. Together, let's build a future where understanding and unity prevail."

## Korrektiewedienste gee terug aan gemeenskap





*Ses korrektiewe dienste het saamgewerk om 'n hartverwarmende bydrae te lewer by Boitumelong Skool. Onder leiding van Groenpunt se bestuur, het hulle die inisiatief geneem om toiletware en 'n verassingspakkie aan die leerders uit te deel. Twintig kinders het ook nuwe skoolskoene, baadjies en kouse ontvang, wat groot vreugde veroorsaak het.*

*Die projek het verder gegaan deur 'n gesin in nood te ondersteun met huisware, kos en komberse. Die korrektiewe dienste wat deelgeneem het aan hierdie liefdadigheidsprojek sluit Heilbron, Frankfort, Groenpunt, Sasolburg, Parys, en Vereeniging in. Die vroue, saam met 'n paar mans, het hul harte en beursies oopgemaak om die projek moontlik te maak.*

## Besit van verdagte gesteelde goedere

Twee jong mans, beide 19 jaar oud, het op 26 Augustus voor die Sasolburg Landdroshof verskyn op aanklag van besit van vermoedelik gesteelde eiendom.

Op Saterdag om ongeveer 16:45, was lede van die Fezile Dabi Distrik Snelwegpatrollie besig om op die R57 in die rigting van Heilbron te patrolleer. Terwyl hulle patrolleer, het hulle twee jong mans gesien wat 'n padnaambord op hul bakkie laai. Toe die verdagte die polisie sien, het hulle skielik na Sasolburg gejaag. Die polisie het hulle agternagesit en die bakkie gestop. By die ondervraging van die besetters en deursoeking van die voertuig, is die padnaambord in die bakkie gevind. Die twee mans kon nie verduidelik waarom hulle in besit van die padnaambord was nie. Beide die padnaambord en die wit Isuzu-bakkie is gekonveskeer.

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langmark & Steyn St. Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National




Elsstraat 44 | Heilbron | Tel: 058 852 3033

Kontak ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Tel: 058 852 3033

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## VOER TE KOOP

Kontak 083 688 8256

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

POSTNET HEILBRON

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com




# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za







# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*



# HERALD Sport

# Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 2024-08-24 het Kransfontein Resiesduifklub sy 2024 seisoen afgesluit en vanaf Drie Susters gevlieg die duiwe is om 07:00 gelos en hulle het oor 'n afstand van 690 kilometer terug na Reitz gevlieg. Vyf lede en 71 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 17:33 geklok.

1. Wolmarans Hokke A, 2. Reitz Lofts 2, 3. Du Plessis Hokke, 4. Reitz Lofts 3, 5. Reitz Lofts 3, 6. Reitz Lofts 2
7. Wolmarans Hokke A, 8. Reitz Lofts 2, 9. Reitz Lofts 2
10. Reitz Lofts 1

**Hier is die finale punte:**

1. Wolmarans Hokke A 568, 2. Reitz Lofts 2 561, 3. Reitz Lofts 3 536, 4. Du Plessis Hokke 517, 5. Reitz Lofts 1 457, 6. Heine Hokke 351, 7. Wolmarans Hokke B 216, 8. JJ Lofts 107

Die nuwe vliegseisoen begin in Junie 2025.



*Op die foto is Fritz Wolmarans van Wolmarans Hokke A met die wenduif.*





BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 2 SEPTEMBER 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 3 SEPTEMBER 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

WARDEN VETVEE Jaarliks veiling
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

STANDERTON/MORGENZON: HJ DU PREEZ SKAPE, BEESTE, IMPLEMENTE
11:00, plaas Rouxland
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

WOLMARANSSTAD: 38STE NOORDWES SAVM KLUBVEILING
40 Ramme
11:00, skougronde
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

**WOENSDAG - 4 SEPTEMBER 2024**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

KROONSTAD: CASMAN TULI PRODUKSIEVEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

STANDERTON: HoËVELD BONSMARA GROEP
11:00, Jonkersdam
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**DONDERDAG - 5 SEPTEMBER 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

**VRYDAG - 6 SEPTEMBER 2024**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 7 SEPTEMBER 2024**

PARYS: NASIONALE BRAHMAN VEILING
11:00, Afridome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

## WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National





Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za





